Geliefde Lourensrivierder

Wat ‘n wonderlike Donderdagoggend met beloftes van nog Goddelike seën uit die hemele♫ Ons het gisteraand in ons omgeegroep maar net weer tot die besef gekom hoe geweldig geseënd ons steeds is ten spyte van al ons struikelblokke, pyne, skete en moeilike omstandighede! Die beste van als is dat ons nie eers geseën word omdat ons so oulik of goed is nie, maar omdat ons Here so GENADIG is teenoor Sy kinders 😊
Ek deel met jou een van die mooiste seëngebede wat ek al gelees het, wat ‘n wonderlike vriendin met my gedeel het♫

A Father’s Blessing by John Paul Jackson

Some of you did not have great father figures.
Some of you had fathers who passed away before they could give you a blessing.
Others of you, for one reason or another, are unable to receive a blessing from your father.
To you, I want to offer the blessings of the Heavenly Father through myself, an earthly father.
This type of blessing is seen in Numbers 6 as
God blessed the children of Israel under the pronouncement of Moses.
It goes on to say that upon blessing the people, God would place His name and
Bless those who heard it. That means you!
Therefore, may the Lord bless you and keep you.
The Lord make His face shine upon you and be gracious to you.
The Lord lift up His countenance upon you and give you peace.
And from me, from my heart, as a father, and a grandfather, I’d like to bless you in this way:
May you reach the purpose for which you were created.
May you have courage above your peers.
May you have more passion for the things of God than others think is necessary.
May you dream more than others think is practical.
May you expect more than others think is possible.
May you choose wisely without earthly bias.
You have people to influence that you have not yet met.
You have lives to change that are waiting for your arrival.
You are strategically placed, wherever God takes you by His grand design
Just so you can become everything He made you to be
That place is the place you can grow best.
That place is the place where you can be the most fruitful.
The place where the future is changed because of your presence.
May you see vistas that others don’t even know exist.
May you see God, and every petal of every flower, and every blade of grass
For each of them are designed by His hand.
May you bless your children and
May they become giants in the faith under the mighty hand of God.
You won’t fail. You were made by God to be here for such a time as this.

Chris Tomlin sing “You’re a good good Father” Klik op skakel: https://www.youtube.com/watch?v=CqybalesbuA

NUUSKRUMMELS: 31 MEI 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

ONS WOEKER BY DIE KERKKANTOOR

Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt @ R20 per potjie (nog net 7 oor)
Anna se Perske Blatjang @ R35 vir 630g
Anna se Perske & Appelkoos Blatjang @ R35 vir 630g
Bettiesbaai Rou heuning @ R50 per potjie (400ml)
Lappiesboontjies @ R45 p/kg (nog net 5 pakke oor)
Boekie: Lig op ‘n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)

Droë Vrugte:

Snippers (200 gr) @ R20 per pakkie (deurmekaar vrugte)
Kakamas Perskes (taaipit) ASOOK Cederberg Perskes (lospit) @ R60 p/kg
Pere @ R60 p/kg
Pruime @ R60 p/kg (nog net 9 pakke oor)

ALLES is ten bate van die Voedselfeesfonds: Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedselfeesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of ‘n maand voor die Voedselfees plaasvind nie.

VIR FINANSIëLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

Ons reël 'n Youth Day Band Bash wat ons Saterdag, 16 Junie 2018 gaan hou by Pinkster Park.

Daar is reeds 3 professionele nasionale orkeste betrokke, One Crown van Potchefstroom, Glo van Kaapstad en Winston Siljeur Band van Kaapstad.
Pneumatix gaan ook betrokke wees met dans en sang. Daar sal 'n kinderbediening, Vat Vyf Fanie, van Johannesburg betrokke wees, wat 2 optredes die dag sal doen vir kinders. Kinders onder 12 se koste is R25 per kind. Ons het reeds 'n paar plaaslike kerke se "bands" gevra om ook op te tree.

Ons hoofdoel vir die funksie is om soveel siele vir God te wen as moontlik, om kinders (en hele familie) te wys dat dit "fun" en "cool" is om die Here te kan dien en ook vir die kerke in die Helderberg om saam te staan as die liggaam van Christus en saam 'n verskil te kan maak.

Groete, Lize-Mari Nortier (082 659 2115)

Shekinah Aanbiddingsentrum; 15 Twin Palms Centre, Altena Street, Strand

BYBELSTUDIE MATERIAAL VIR INDIVIDUE EN KLEINGROEPE
Precept Ministries Africa is 'n bediening wat spesialiseer in die maak en versprei van Bybelstudiemateriaal. Ons bediening mik om die kerk te ondersteun deur God se mense in Sy Woord te vestig. Ons Bybelstudiemateriaal is gemaak vir enigiemand om te gebruik, hoe diep jy ookal wil studeer. Die materiaal is uitstekend vir Kleingroepe.
Al die materiaal kan gevind word by https://shop.precept.org.za/ (jy kan ook elke hulpbron se eerste les verniet aflaai). Eerste lesse van die boeke is by die volgende twee skakels:
http://shop.precept.org.za/wp-content/uploads/2017/11/Gebed.pdf
http://shop.precept.org.za/wp-content/uploads/2017/11/DatEkHomMagKenLI.pdf

Vir meer inligting, kontak: Simeon Labuschagne (Afrikaans Ministry Representative)
Kantoor: 021 531 1836 en Webwerf: www.precept.org.za

NUUS UIT ONS GEMEENSKAP:

JOYA HOMES SE MEI NUUSBRIEF IS ONDER AANGEHEG

BERG 80 VERJ: JUNIE 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van	Noemnaam	Verjaar	Ouderdom
Eksteen	Joan	06/02	97
Van Zyl	Pritchard	06/03	85
Van Eeden	Jannie	06/06	84
Briers	Nonnie	06/10	85
Huysamen	Caty	06/10	86
Koch	Cynthia	06/11	81
Lambrechts	Amos	06/12	83
Schoeman	Elbie	06/17	81
Minnie	Lila	06/18	83
Fouche	HF	06/20	90
Dreyer	Renee	06/21	82
Lighthart	Martie	06/21	87

Baie geluk!

Ps. 91:4
Hy beskut jou onder Sy vleuels
En is vir jou 'n veilige skuilplek
Sy trou versterk jou
aan alle kante

KNIEWERK

- Ons loof die Here vir reën wat reeds geval het en dit wat Hy nog gaan stuur.
- Bid steeds vir waterkrisis en ons land se leiers
- Innige meegevoel met die familie van Helene Viljoen, oorlede op 29 Mei
- Innige meegevoel met die familie van Erika Jonker, oorlede op 24 Mei
- Innige meegevoel met die familie van Hentie van der Westhuizen (Anna Dak), oorlede op 30 Mei
- Sannie le Roux vir gesondheid
- Sakkie de Jager vir spoedige herstel na rugoperasie
- Louis Steyn

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 03 JUNIE SE BOODSKAP: 1 SAM. 3:1-20 (2DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

In hierdie tyd is die Woord van die Here min gehoor. Daar was min openbaringe van die Here.
Die volk Israel was soos die bejaarde priester, Eli. Eli het oud geword, hardhorend en swaksiende. So was die volk. Hulle het nie van God gehoor nie. Hulle het God nie gesien nie. Lank vergete was die dae van manna op die grond, kwartels, 'n vuur- en wolkkolom wat die volk lei, 'n rivier wat oopgaan en vyandige mure wat intuimel. Leiers van die gehalte van Moses en Josua was net 'n herinnering aan beter tye. Dit was 'n donker tyd. In hierdie tyd word die Woord van die Here weer gehoor. Vers 3 is 'n merkwaardige opmerking. Vroeg een more het "die lamp van God nog nie doodgegaan nie" (OAV). Nog nie.....
Die lamp was natuurlik die goue kandelaar wat die Here Moses opdrag gegee het om te maak. Volgens die Here se opdrag moes die lamp brand met olie wat mense na die tempel bring. Die priesters moes na die lamp omsien. Die lamp was 'n simbool van God se teenwoordigheid in die aanbiddingsplek van Israel. Die lamp moes nooit geblus word nie. Dit is nie duidelik of dit 24-uur moes brand, of net wanneer dit donker is nie. Dalk is die opmerking dat die lamp nog nie doodgegaan het nie bloot 'n aanduiding dat dit nog nie lig buite geword het nie.
Maar dit lyk of die liggie van die lamp begin flikker het. Die lamp het gedreig om dood te gaan. Op 'n dubbelsinnige manier is die "nog nie dood nie" van die lamp 'n simbool van Israel se geestelike nood. Die liggie van God se teenwoordigheid was byna daarmee heen. God se woord was skaars. Gesigte en openbaringe raar. Selfs Eli het verleer om God se stem te hoor, selfs al was hy in die teenwoordigheid van die ark van die verbond. Eers die derde keer dat Samuel aanmeld omdat hy dink Eli het geroep, begin Eli rekening hou met die teenwoordigheid en stem van God.
Ja, die teenwoordigheid van God het vir die mense op die agtergrond geskuif. Die goddelike lig was op die punt om dood te gaan. Dit was 'n moeilike tyd, geloof was dun geskuur, maar daar was ook hoop. Want die lamp van God was nog nie dood nie. Inteendeel: dit sou skielik met hernude helderheid brand. Ons teks vervul ons met hoop. Donker soos die tye met Samuel se geboorte geword het, en op die punt om tot niet te gaan soos God se lig onder die volk was, het die lamp van God nog nie doodgegaan nie. Die boodskap van Jesus se geboorte, lyding en sterwe en die uitstorting van die Heilige Gees is dat God se lamp en God se woord nooit geblus sal word nie. Jesus, die lig van God in die duisternis, sal nooit geblus word nie. Die vlamme van die uitgestorte Heilige Gees bly brand in ons wêreld en in ons lewens. Hoe moet ons reageer op God se teenwoordigheid? Ons kan ver kom met Samuel se woorde. Ons moet keer op keer teruggaan en sê: "Praat, Here, u dienaar luister."

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

Joya Homes News

May 2018

First kids arrived at the new house…

It is with great joy that we can share with you the placement of the first kids in our new house.They have settled in well under the loving care of our foster mother. We believe that love can change the course of a child's life.

Joya Homes and Educare
Nedbank : 1003037461
Branch: 198765
Swift code: NEDSZAJJ
PBO: 930041843
NPO: 203547

#Worldfosterday 31May

- Follow us on instagram and facebook @Joyahomes
- Take a photo of your smiling fingerfamily and post it on 31 May!
- Tag us and #worldfosterday

Winter warmers and thank you's.

We want to extend our thanks to so many friends and donors over the last six months:

- A local shop, Vintage label,for blessing each child, foster mom and teacher with a warm winter jacket of their choice.
- A local church and business for continuous support with food,nappies and birthday celebrations.
- So many financial and 'in kind' donors for supporting our school and other projects.
- We value each donation but even more so, all the hearts that drive this initiative.

www.joyahomes.co.za